KIXPIRASIE KWARTAAL 1 - 2024

Gebind aan mekaar

Aktiwiteit: Maak ‘n lappieskombers met klein blokkies lap of met papier blokkies. Gee ‘n blokkie lap of blokkie papier vir elke persoon en laat hulle op die blokkie ‘n gebed skryf vir die jaar. Plak die blokkies aan mekaar vas of werk hulle aan mekaar vas en plaas dit êrens waar dit julle kan herinner daaraan dat julle aan mekaar gebind is.

Gesels saam: Deel met mekaar wat is dit wat julle dink julle aan mekaar bind. Wat het julle in gemeen, of watter doel het julle vir die jaar in gemeen met bv. KIX en die kinders waarmee julle gaan werk.

Teks: Kolossense 3:12-17

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. **Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe.** Wees altyd dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

So baie keer dink ons dat ons alleen staan of alleen werk. In Kolossense 3 kom herinner God ons daaraan dat ons nie alleen is nie. Dit is nie net God wat by ons is nie, maar God gee ons ook vir mekaar, sodat ons mekaar kan ondersteun en dra. Dit is God se liefde wat ons aan mekaar vasbind as leiers, aanbieders en helpers by KIX. Dit is ook God wat vir ons die liefde gee wat ons vasbind aan elke KIX kind met wie ons gaan werk hierdie jaar. God se liefde bind ons tot ‘n volmaakte eenheid saam.

Dit mag dalk wees dat ons êrens deur die jaar van mekaar gaan verskil as helpers of daar is dalk daardie een of twee kinders wat die lewe regtig moeilik maak vir mekaar of vir julle as volwassenes. Dan kan julle weer na die kombers kyk en herinner word daaraan dat dit Christus se vrede is wat die deurslag gee. Ons is geroep om saam te bou aan die koninkryk van Christus.

Bid vir mekaar: Skryf elkeen se naam op ‘n blokkie papier en deel dit onder mekaar uit. Bid vir die persoon wie se naam jy kry. Bid dat God julle aan mekaar sal bind hierdie jaar.